# CBMC Gebedsbrief

08 Desember 2025

## KALENDER

Desember
10 *Skole Sluit
11 *CBMC SA Kantoor Sluit

Januarie
08 *CBMC SA Kantoor Open

**Jaareindboodskap**

Die jaar staan op sy einde. Vir party van ons was dit 'n moeilike jaar, vir ander 'n jaar van hartseer, en vir sommiges een gevul met vreugde. Ons het afskeid geneem van geliefdes, vriende en medearbeiders wat deel van ons CBMC-familie was. Hulle aardse ambassadeurstaak is voltooi, maar ons prys God dat ons hulle weer sal sien, omdat Christus oor dood en graf getriomfeer het.

Hoe ons jaar ook al verloop het, niemand van ons kon aan die begin voorspel wat sou kom nie, net soos ons nie weet wat 2026 inhou nie. Maar God weet. Hy is getrou, Hy verander nooit, en Sy hand hou ons deur elke seisoen.

Daarom wil ek elke CBMC-man en -vrou bedank vir hierdie jaar, maar bowenal julle bemoedig vir die jaar wat voorlê: staan vas op die Woord van God, leef uit gehoorsaamheid aan Hom, en doen wat Hy sê. Hy vra nie offers nie, Hy vra 'n hart van gehoorsaamheid. Jesus het ons geleer om God lief te hê met ons hele wese, en ons naaste soos onsself. Ware liefde vir ons naaste beteken dat ons die Goeie Nuus van Jesus Christus met hulle deel, en bereid is om saam met hulle 'n pad te stap, dit is dissipelskap.

God laat ons nie alleen in hierdie roeping nie. Hy gee vir ons meer hulp as enige aardse ambassadeur ooit gehad het: Sy Heilige Gees wat in ons woon, Sy Woord wat ons lei, Sy engele wat ons beskerm, die gawes wat Hy in ons geplaas het, die skeppende vermoë wat Hy gee, en 'n geloofsfamilie wat saamstaan.

Wanneer ons gewillig is, werk die Here deur ons lewens, ons beroepe en ons besighede om die oes, wat reeds ryp is, in te bring.

Die vraag is: Is jy deel van die Vader se oes span? Leef jy as 'n Koninkryk-ambassadeur?

Mag hierdie rustyd vir jou 'n tyd wees van oordenking, vernuwing en vrede. Mag jy diep bewus wees van SY teenwoordigheid, SY leiding en SY liefde.

Mag die vrede van Christus in hierdie feestyd oor julle harte en huise rus.
Seën en vrede vir julle almal.

Brandt Coetzee
Voorsitter: CBMC SA

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis, 1ste Verdieping
Bellville 7530

Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.

Snap here to pay
SnapScan